**WOENSDAG 1 APRIL**

**SKRIFGEDEELTE: EKSODUS 8 (OAV)**
**FOKUSGEDEELTE: EKSODUS 8:18-19**

**Die towenaars sak uit!**

By die eerste plaag kon die towenaars met hulle towerkunste ook water in bloed verander. Hierdeur is Farao se hart verhard en het hy nie na Moses geluister nie. By die tweede plaag het die towenaars met hulle towerkunste ook paddas laat verskyn. Hierdie keer het dit egter nie so 'n groot indruk op Farao gemaak nie en moes hy Moses en Aäron laat roep om die paddas weg te neem. Met die derde plaag kon die towenaars met hulle towerkunste nie daarin slaag om muskiete na vore te bring nie. In hulle verleentheid voor Farao erken hulle dat hierdie plaag geen menslike oorsprong het nie, maar deur goddelike krag veroorsaak is. Hulle roep dan uit: "Dit is die vinger van God."

Die Here maak 'n einde aan hulle mag. Ja, selfs Satan en al sy diensknegte sal hulle sonder die wil van God nie kan roer of beweeg nie. Later, met die sesde plaag, sou hierdie towenaars nie eens meer voor Moses kon bly staan vanweë die swere nie. Hulle het letterlik van die toneel verdwyn.

Jesus Christus waarsku ons: "Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei" (Matt. 24:24). Bokant al die misleidende tekens van hierdie wêreld moet ons die almagtige hand van God raaksien.

In Christus het Hy vir ons nie alleen Satan nie, maar ook die dood en die graf oorwin. Aan Hom is gegee al die mag in die hemel en op die aarde. Alleen by Hom is ons veilig. Niks sal ons uit sy almagtige en liefdevolle vaderhand ruk nie.

*Sing: Psalm 118:8*
*Ds. SA (Sarel) Cilliers (Waterberg)*